

Hoërskool Louis Trichardt

VAK- & BEROEPSINLICHTING



Hoërskool Louis Trichardt
Posbus 101
Tel: 015 516 4965/6
Faks: 015 516 5408
E-pos: hslt@mweb.co.za



AKADEMIE IS ONS TOPPRIORITEIT!

VERPLIGTE VAKKE:


- Huistaal (Afrikaans/Engels)
- Eerste Addisionele Taal
- Wiskunde / Wiskunde Geletterdheid
- Lewensoriëntering

KEUSEVAKKE:

- Besigheidstudies
- Ekonomie
- Rekeningkunde
- Fisiese Wetenskappe
- Lewenswetenskappe
- Geografie
- Gasvryheidstudies
- Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO)
- Inligtingstegnologie (IT)
- Rekenaartoepassingstegnologie (RTT)
- Toerisme
- Ontwerp

4. Art is the future.

“As information and intelligence become the domain of computers, society will place a new value on the one human ability that can't be automated: emotion (Jensen, 1999, p.84).” While other in-demand courses sound terribly enticing at the moment, you might want to include art and design education within those options, seeing as the future would need emotional



connection the same way it would with technical aspects. In the words of former President Barack Obama, “The future belongs to young people with an education and the imagination to create.”

The Vitruvian Man drawing by Leonardo da Vinci, circa 1490

5. Art is for those who want to turn vision into reality.

Historian Eugene Ferguson shares a little something about art: “Pyramids, cathedrals, and rockets exist not because of geometry, theories of structures, but because they were first a picture – literally a vision – in the minds of those who built them.” Studying art and design is hard, making art is

even harder, but not entirely impossible for those with vision and intent to persevere and see it through.

WTC Hub in New York City designed by famed Spanish architect Santiago Calatrava.

Artist James McNeill Whistler once said, “An artist is not paid for his labour, but for his vision.”

These are only some of the many reasons why you should seriously consider art and design as an education. While society continues to have evolving views regarding art and its continuous developments, it is important to assess both the idealistic and realistic sides of the education you wish to pursue, and decide for yourself how far you are willing to go for it and how much hard work you're going to put into it. After all, success follows the bold.





5 Reasons Why You Should Consider Art Education July 30, 2018

Art and Design Education, contrary to popular belief, is more than just academic training to make art for art's sake and a conceited privilege for the rich. Should one decide to be open to art and design as a viable career, there are many possibilities afforded to those who study it seriously and intently. From the words of legendary artists to renowned businessmen, compiled below are some of the reasons why you should consider art and design education, and why the study of art and design, in itself, is important:


(left) Compilation of logo designs by the great American graphic artist Saul Bass.

1. Art will equip you with lifelong skills.

Whether you decide to pursue art-related work or not after you graduate, you will still find yourself thanking the many benefits of art education: "The arts enhance the process of learning. The systems they nourish, which include our integrated sensory, attentional, cognitive, emotional, and motor capacities, are, in fact, the driving forces behind all other learning" (Eric Jensen, 2001). According to Annette Byrd of British pharmaceutical line GlaxoSmithKline, "We need people who think with the creative side of their brains – people who have played in a band, who have painted...it enhances symbiotic thinking capabilities, not always thinking in the same paradigm, learning how to kick-start a new idea, or how to get a job done better, less expensively."

2. There is business in art.

Whoever said that the only way for artists to make money was to auction paintings must have forgotten two things: one, it's the 21st century, and second, it's not just about paintings and sculptures anymore. From blockbuster movies to sleek iPod designs, artists can make more money between existing and emerging media. In the words of Steve Jobs himself (while introducing the Ipad 2 in 2011), "It is in Apple's DNA that technology alone is not enough – it's technology married with liberal arts, married with the humanities, that yields us the results that make our heart sing."



(left) Early design work on power tools by a young Jonathan Ive, renowned Apple product designer.

3. Art and science go hand in hand.


Just because you are pursuing art doesn't necessarily mean you'll be neglecting the scientific side of things – in fact, you just might find yourself in tune to them more than ever. Art enhances problem-solving skills in such a way that the mind is open to different solutions


Het jy geweet? {Wiskunde en Wetenskap}

Is die sleutel tot enige loopbaan...

By Hoërskool Louis Trichardt bied ons jou WYE vakkeuses en FANTASTIESE fasiliteite wat jou in staat stel om ENIGE beroep te volg wanneer jy skool verlaat.

Wat wil jy eendag word?





Inhoud

Verantwoordelike vakkeuses vir Graad 10 is belangrik	5
Stappe om te volg	5-6
Wiskunde / Wiskunde Geletterdheid	6-7
Besigheidstudies	8
Ekonomie	9
Rekeningkunde	10
Fisiese Wetenskappe	11
Lewenswetenskappe	12
Geografie	13
Gasvryheidstudies	16
Ingenieursgrafika en –Ontwerp	17
Rekenaarstoepassingstegnologie	18
Toerisme	19
Inligtingstegnologie (IT)	20
Ontwerp	21-23
Kontakbesonderhede	24

ONTWERP:

“No culture or country can just exist without even the very basics that the creative industries provide. Design is therefor not a luxury, but rather a necessity that reacts on basic human needs.” **Suné Stassen: Creative Consultant an Design Activist**

Hoe kan ons leerders baat by onderrig in ontwerp en terselfdertyd 'n bydrae lewer tot die ontwerp-industrie in Suid-Afrika?

WAT DIE 21ST EEU WERKSPEL VEREIS:

- wees effektiewe visuele kommunikeerders
- verstaan die rol wat goed ontwerpte produkte in die daaglikse lewe speel in die lig van die geskiedenis van ontwerp
- wees kreatief, innoverend en dink 'buite die boks'
- oorspronklike idees; werk goed saam met ander
- verstaan hoe ontwerp 'n impak op ons daaglikse lewe het en ons
- lewensstandaarde daardeur kan verbeter.
- jongmense wat verstaan wat goeie ontwerp is
- wees sosiaal- en omgewingsverantwoordbaar
- verkry lewensnoodsaaklike vaardighede wat ook in ander vakgebiede gebruik kan word
- Probleemoplossing, ondersoekvaardighede en versamel inligting
- Ontwerp, tegnologie en wetenskap werk suksesvol saam om topgehalte produkte uit te kan voer

DIE 4 RIGTINGS IN ONTWERP:

1. Visuele kommunikasie / informasie/ Grafiese ontwerp
2. Omgewingsontwerp: Argitektuur / Binnenshuise ontwerp / Landskapsontwerp
3. Industriële ontwerp-Produk ontwerp (3-D)/ juweliersontwerp
4. Ontwerp van oppervlaktes (2-D)-tekstiele en patroonontwerp, modeontwerp

INLIGTINGSTEGNOLOGIE (IT):

TOELATINGSVEREISTES

Die leerder wat hierdie vak kies moet 'n goeie punt in Wiskunde (65%) in Graad 9 kry. Dit is 'n goeie maatstaf om te bepaal of dit binne sy/haar belangstelling val. Inligtingstegnologie word as vak aanbeveel waar die leerder beplan om 'n rigting te volg wat te doen het met probleemoplossing, ingenieurswese, aktuarieel, informatika en stelselbeheer.

KURRIKULUM

Dit bestaan uit 'n praktiese en teoretiese komponent. Prakties – programmering in Delphi waar alle basiese programmeringsvaardighede aangeleer word.

BENADERINGSWYSE

Die klem is op probleemoplossings deur logiese denke, inligtingsbestuur en kommunikasie. Dit fokus ook op die ontwikkeling van rekenaartoe toepassings deur gebruik te maak van bestaande programme [soos Delphi vir die skryf van programme]. Die vak ontwikkel ook 'n bewustheid en verstaan van die sosiale, ekonomiese en ander implikasies van die rekenaar op die leefwêreld van die mens.

FOKUSAREAS

Die vak het 'n praktiese en 'n teoretiese komponent, wat vervat word in die volgende onderwerpe:

- Apparaat en stelselprogrammatuur – die leerder verstaan en gebruik rekenaargebaseerde tegnologie.
- Elektroniese kommunikasie – teoretiese vaardighede.
- Sosiale en etiese kwessies – die leerder is in staat om die impak van Rekenaartegnologie op die sosio-ekonomiese, omgewings-, politieke en etiese vlakke krities te analiseer.
- Programatuurontwikkeling – die leerder is in staat om effektiewe oplossings vir probleemstellings te ontwerp, te toets en te lewer deur gebruik te maak van Delphi en Databasisverwerking.

Verantwoordelike vakkeuses vir Graad 10 is belangrik:

Dit is baie teleurstellend wanneer Graad 12-leerders en hulle ouers beseft dat die vakke wat die leerders geneem het hulle nie toelaat om vir hulle gekose studierigting aansoek te doen nie. Dit gebeur selfs dat hulle die regte vakke gekies het, maar nie aan die minimum toelatingsvereistes voldoen nie.

Stappe om te volg:

STAP 1: Versamel inligting oor moontlike beroepsgeleenthede. Gaan na www.pacecareers.com.

STAP 2: Neem kennis van die struktuur van die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) en die Onafhanklike Eksamenraad (IEB).

Daar word van graad 9-leerders verwag om minstens SEWE vakke in hul vakpakket vir Graad 10 in te sluit:

VIER VERPLIGTE VAKKE: Huistaal, Eerste Addisionele Taal, Wiskunde of Wiskundige Geletterdheid & Lewensoriëntering. DRIE ANDER KEUSEVAKKE wat Triegies bied.

(NSS)-sewepuntgraderingskaal

Prestasievlak	Beskrywing	Persentasie
7	Uitstaande prestasie	80–100%
6	Verdienstelike pres-	70–79%
5	Wesenlike prestasie	60–69%
4	Voldoende prestasie	50–59%
3	Middelmatige pres-	40–49%
2	Elementêre prestasie	30–39%
1	Nie behaal nie	0–29%

STAP 3: Maak seker dat jy bewus is van die toelatingsvereistes om aan 'n tersiêre instansie te studeer.

Toelatingsvereistes van die Departement van Onderwys

Die statutêre minimum vereistes vir graadstudie is 'n Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) of 'n Onafhanklike Eksamenraad (Independent Examination Board – IEB)-sertifikaat met 'n minimum prestasievlak van 4 (50–59%) in vier erkende NSS 20-kredietvakke uit die aangewese vaklys. Let daarop dat die toelatingsvereistes aanlyn beskikbaar is en van die verskillende tersiêre instansies verskil.

STAP 4: Neem 'n belangrike besluit tussen Wiskunde en Wiskundige Geletterdheid

Alle leerders is nie ewe lief vir Wiskunde nie en alle leerders is ook nie in dieselfde mate aangelê om die vak ewe goed te bemeester nie. Dit is onwaarskynlik dat leerders wat nie lief is vir Wiskunde nie en nie goed daarin presteer nie, 'n studie- of beroepsrigting sal kies waar Wiskunde 'n vereiste is. Dit is egter 'n realiteit dat Wiskunde 'n vereiste vak is vir heelwat programme op tersiêre vlak en dat leerders wat nie Wiskunde neem nie, daarom nie vir sodanige programme oorweeg sal word nie.

Leerders bemeester gewoonlik die inhoud van Wiskundige Geletterdheid makliker as die inhoud van Wiskunde aangesien Wiskundige Geletterdheid meer te make het met die praktiese aanwending van Wiskundige beginsels en begrippe in die alledaagse lewe, bv. die berekening van oppervlaktes, volumes en omtrekke, die berekening van wins en verlies, die opstel van 'n begroting, ens.

Onthou dat 'n slaagpunt in Wiskundige Geletterdheid vir 'n leerder beter is as 'n druiptpunt in Wiskunde. Dit behoort ook die uitgangspunt te wees wanneer die leerder saam met sy ouer die keuse moet maak tussen hierdie twee vakke. Leerders en ouers word sterk aangemoedig om die aanbeveling van die skool en die Wiskunde-onderwyser in hierdie verband te oorweeg wanneer hierdie belangrike besluit geneem moet word.

HIER IS 'N PAAR RIGLYNE:

As jou finale gr.9 Wiskunde punt goed is (60%+), neem Wiskunde. As jou finale Gr.9 Wiskunde punt tussen 50% en 60% is, dink baie mooi oor jou toekomsplanne voordat jy die keuse maak.

As jou finale Gr.9 Wiskunde punt onder 50% is, dan beveel ons STERK aan dat jy liever Wiskundige Geletterdheid kies.

Die ideaal sou ook wees om nie na die finale rapportpunt te kyk nie, maar slegs na die finale EKSAMENPUNT. Dit sal vir jou 'n goeie aanduiding gee van jou Wiskundige vermoëns. Indien jy nog onseker is, praat gerus met jou Wiskunde onderwyser.

Werk hard aan jou Wiskunde! Soos in sport moet jy oefen en oefen en oefen.

TOERISME:

BENADERINGSWYSE

Prakties en teoreties. Portefeuljewerk wat 'n praktiese komponent insluit.

KURRIKULUM

- Toerisme as 'n interverwante stelsel met al die komponente van toerisme, rolspelers in die toerisme-industrie en navorsing oor werks- en beroepsgeleenthede.
- Verantwoordelike en volhoubare toerisme, gemeenskapsdeelname, ontgin toerisme-potensiaal in eie gemeenskappe, erfenisterreine en die belangrikheid van kulturele, natuurlike en geskiedkundige erfenis.
- Toerisme-geografie, besienswaardighede en neigings word bestudeer.
- Kliëntediens en kommunikasie, asook 'n professionaliteit in 'n toerisme konteks.
- Bemark binnelandse toerisme en maak toerisme toeganklik vir alle Suid-Afrikanners tot voordeel van die hele land.
- Wêreldtoerisme-ikone en ligging.
- Vervoerdienste in Suid-Afrika en berekening van reiskoste, buitelandse valuta-berekening.
- Evalueer die Suidelike Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskapslande as toerisme-bestemmings.
- Aanbieding van globale geleenthede in 'n toerisme-konteks.

VAKAKTIWITEITE

Binnelandse toere (Bootreis) en vakuitstappies.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Toergidse, Toeroperateur, Bestuur in die gasvryheidsbedryf, ontspanningsbedryf, Bewarings- en Ekotoerisme, Sport- en Rekreasiebestuur, Avontuurtoerismebedryf.

REKENAARTOEPASSINGSTECHNOLOGIE (RTT):

KURRIKULUM

Die vak handel oor die effektiewe gebruik van inligting- en kommunikasietegnologie vir 'n eindgebruiker in 'n rekenaartoepassingsomgewing, in verskillende sektore van die samelewing. Die inhoud dek teoretiese sowel as praktiese aspekte van die rekenaar en sy gebruik asook die invloed van die tegnologie op die mens en sy omgewing. Word, Excell, Access en Powerpoint word gebruik om die leerders te help om in 'n kantooromgewing werk met 'n rekenaar te doen.

BENADERINGSWYSE

Dit rus die leerder toe met kennis, vaardighede, waardes en benaderings tot die ontwerp, ontwikkeling en uitstuur van inligting in verskillende formate. RTT maak dit ook vir leerders moontlik om data te versamel, te analiseer en te korrigeer en dit dan weer te manipuleer en te verwerk om dit na verskillende sektore te versprei. Hulle leer dus om die verskillende programme saam te gebruik. Dit is 'n vak wat vir universiteitstoelating en TPT-telling in aanmerking kom. **(Ons skool is toegerus met nuwe rekenaars en sagteware, kom kyk gerus).**

FOKUSAREAS

Die vak bestaan uit 'n teoretiese en 'n praktiese komponent.

- Basiese kennis van inligting en kommunikasietegnologie.
- Geïntegreerde eindgebruiker rekenaartoepassingsvaardighede en kennis van probleemoplossing – die verwerking, aanbidding en uitstuur van inligting.
- Inligtingsbestuur – toepas van vaardighede deur die gebruik van eindgebruiker-rekenaartoepassings.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Alle instansies vereis rekenaarvaardighede. RTT gee die agtergrond om 'n databasis te bou en te onderhou, die kennis om 'n finansiële oplossing te skep vir 'n rekenkundige beroep en die agtergrond om in 'n rigting te gaan waar mens rekenaars regmaak of bou. Met die nuwe kurrikulum kan jy selfs webontwikkeling doen. Dit is dus 'n vak wat jou reeds toerus om verskillende pakkette geïntegreerd te gebruik en kom handig te pas by die inhandiging van take tot op universiteitsvlak en later in die werksomgewing.

Wat kan jy gaan studeer met Wiskundige Geletterdheid?

Baccalareus grade:

Verpleegkunde, Joernalistiek, Sielkunde, Regte, Bestuur, Maatskaplike werk, Ontwerp, Visuele kuns, Drama, Modeontwerp, Multimedia, Somatologie, Kosmotologie, Sport, BEd (onderwys), Hotel en Spyseniering, Toerisme en nog vele meer.

Nasionale Diplomas

Radiografie, Gasvryheid, Logistiek, Bemarking, Bankwese, Kredietbestuur, Algemene Bestuur.

Samestelling van vakkeuse:

Alle vakkeuses wat deur Hoërskool Louis Trichardt aangebied word, kan universiteitsvrystelling bied (mits die leerder die verwagte gemiddeld behaal).

Wat moet in ag geneem word?

- Aanleg
- Belangstellings
- Verwagtinge van leerder

Aan die einde van Graad 9 moet u kind 'n belangrike besluit neem in terme van vakkeuses. Indien u hulp nodig is, is u welkom om 'n afspraak te maak om die saak met die hoof of adjunkhoof te bespreek. Hou verder in gedagte dat die maatreëls ten opsigte van vakverandering, wat vanaf 2008 geld, dit baie moeilik maak vir 'n leerder om vakke in die grade 10, 11 & 12 te verander. So bv. mag vakke in graad 10 net tot 31 Mei, graad 11 tot 31 Maart en graad 12 tot 31 Januarie verander word. Die aantal vakke wat verander mag word, word ook beperk. Die korrekte vakkeuse in Graad 9 is dus baie belangrik.

Daar moet 'n minimum van 25 leerders wees wat 'n betrokke vak kies voordat die vak aangebied kan word. Indien daar te min belangstelling is in 'n vak wat u seun/ dogter gekies het, moet 'n alternatief gekies word. Dit geld egter nie vir die verpligte vakke nie.

Kom ons kyk bietjie na die vakke wat ons aanbied:

BESIGHEIDSTUDIES:

Die vak Besigheidstudies het te make met die kennis, vaardighede, verhoudings en waardes wat krities belangrik is vir ingeligte, produktiewe, etiese en verantwoordelike deelname in die informele en formele ekonomiese besigheidsektore. Inhoud van Besigheidstudies sluit in: besigheidsbeginsels, teoretiese en praktiese ondervinding wat die ontwikkeling van entrepreneursvaardighede aanmoedig, asook die volhoubaarheid en ekonomiese groei van besigheidseleenthede.

Onderwerpe in Besigheidstudies is die volgende:

Besigheidsomgewing:

- Mikro, Makro en Makro omgewings
- Ekonomiese besigheidsektore (primêr, sekondêr en tersiêr)
- Hedendaagse sosio-ekonomiese kwessies

Besigheidsondernemings.

Entrepreneurskap, Besigheidseleenthede en verwante faktore, Besigheidsplanne, Bestuur en Leierskap, Verskillende vorme van eienaarskap, Hoe om 'n besigheid te begin. Kontrakte, Investerings: Sekuriteite en Versekering, Besigheidsrolle, Kreatiewe denke en probleem oplossings tegnieke, Self-bestuur, professionaliteit en etiek, Stress, krisis en konflikbestuur, Verhoudinge en Spanprestasie, Besigheidsoperasies, Besigheid funksies en Kwaliteitsbestuur.

Watter beroepe kan gekies word?

Dit maak nie saak of die leerder eendag sy eie besigheid gaan bestuur of vir iemand anders gaan werk nie, die toepassing en kennis van besigheidsbeginsels is van kardinale belang in enige entrepreneurskap en/of beroep.

Bankier, Begrotingsanalisis, Bourekenaar, Eis-ondersoeker, Finansiële bestuurder, Hoof Uitvoerende beampte, Kosteberamer, Vlieënier en nog vele meer.

Kies Besigheidstudies om jou van alles omtrent die sakewêreld te leer!

INGENIEURSGRAFIKA EN -ONTWERP (IGO):

TOELATINGSVEREISTES

- 'n Gesonde belangstelling in teken en ontwerp met 'n besliste tegniese belangstelling.
- Agste vak word oorweeg indien daar 'n minimum van 10 leerders is.
- 'n Goeie akademiese rekord met Wiskunde as aanbeveling.

SPEZIALE VEREISTES

Leerders wat die vak neem moet die verpligte voorgeskrewe antwoordlêer, handboek, tekengereedskap en tekenbord aankoop alvorens met die vak begin word.

KURRIKULUM

- Interpretasies, konstruksies, tekenvaardighede, projeksies, prentaansigte, skaaltekening: meganiese samestellings en siviele werkstekeninge, perspektief en 3D tekene.
- Blootstelling aan 'n CAD-tekenprogram d.m.v. kursusse wat van tyd tot tyd aangebied word.

Voorwerpe uit die omgewing en nywerheidswêreld word gekonstrueer, meetkundig bepaal, drie-dimensioneel voorgestel, ontwikkel, ens. Fisiese gebruik van tekengereedskap en –bord word vereis.

VAKAKTIWITEITE

Kopieër en vervaardig modelle, bring die praktyk na die klaskamer met behulp van navorsing en praktiese take. Probleemidentifisering en –oplossing. Ontwerpproses en tekenuitlegte.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Alle ingenieursrigtings, Argitektuur, Ingenieursontwerper, Tekenaar, Opmeter, Bourekenaar en nog vele meer.

Universiteit graadkursusse, uitstekende entrepreneursmoontlikhede soos byvoorbeeld die teken van huisplanne, ontwerpe, ens.

GASVRYHEIDSTUDIES:

SPESIALE VEREISTES

Leerders is verplig om prakties na-ure tydens restaurantaande te doen.

BENADERINGSWYSE

Stel die leerders in staat om:

- vaardig te wees in die voorbereiding van voedsel en om kreatief te wees met die opdien daarvan;
- basies entrepreneurskap in die voedselbedryf te ontwikkel;
- kulturele verskille in kulinêre studies aan te spreek en
- om tegnologie aan te wend tot voordeel van die omgewing, gesondheid en veiligheid van ander mense in die hotelbedryf.

Die vak bevorder spanwerk, selfdisipline en onafhanklikheid.

VAKAKTIWITEITE

- Voedselvoorbereiding en diens in die opleidingsrestaurant.
- Uitstappies na instansies wat verband hou met die gasvryheidsbedryf.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Chef de Cuisine, verskillende chefsposisies, hotelbestuur en enige ander betrekking in 'n hotel, buitelandse poste in die hotelbedryf, entrepreneursmoontlikhede soos eie restaurant, koffiehuis, gastehuis, spyseniering, ens.

EKONOMIE:

Ekonomie is een van daardie vakke wat vir jou al hoe meer waarde en betekenis begin inhou hoe langer jy dit doen en hoe meer jy oor die werk begin dink. Alle skoolvakke bou jou kennis rakende 'n sekere veld of vakgebied, maar Ekonomie maak jou wêreldwys.

Ons uitgangspunt in Ekonomie is dat dit die belangrikste vak in die wêreld is en dit berei ons almal voor om eendag top ekonome te word!

Met dit as ons uitgangspunt fokus ons in die klas en met ons assessering om hierdie vaardighede te ontwikkel. Daaglikse ekonomiese, politieke en besigheidsnuus vorm 'n belangrike deel van ons klasgee-benadering en daar word van leerlinge verwag om daaglik op hoogte te wees van gebeure in die wêreld en hoe dit hulle beïnvloed.

Ekonomie vereis harde werk en daar moet baie tyd by die lessenaar deurgebring word, maar sukses hang baie van hoe hierdie kennis toegepas kan word. Dit is dus 'n vak wat insig vereis en die vermoë om verbande te kan trek tussen verskillende onderwerpe is belangrik vir sukses.

BEROEPSMOONTLIKHEDE:

Ekonom, Onderwyser, Effektemakelaar, Bankier, Personeelbestuurder, Sakebestuurder, Staatsaanklaer, eie besigheid (Entrepreneur), Toerismebestuur, Statistikus, Portefeuljebestuurder.

Die sillabus wat op skool in Ekonomie gevolg word, sal 'n groot aanwinst wees wanneer jy Ekonomie op universiteit neem. Jy sal wel 'n deeglike agtergrond van Ekonomie hê, wat sal help op universiteit. Wanneer jy die volgende kursusse oorweeg, word Ekonomie as vak ingesluit: B.Com, B. Prok., Aktuaris, Ingenieurswese en nog vele meer.



LEWENSWETENSKAPPE:

Dit is 'n biologiese vak en behels die studie van lewe (plant- en dierkunde, insluitend anatomie en fisiologie) in 'n veranderende natuurlike en mensgemaakte omgewing. Lewenswetenskap is 'n praktiese vak en gereelde praktiese werk (mikroskoopwerk, werkkaarte, disseksies) word gedoen. Die studie sluit die kritiese vraag, weergee en verstaan van konsepte en prosesse en aanwending in die gemeenskap in. Leerders sal navrae, probleemoplossing, kritiese denke en ander vaardighede ontwikkel en sal dié vaardighede gebruik om Lewenswetenskappe te interpreteer en te gebruik om verskynsels te verduidelik. Hulle sal die kennis in hulle persoonlike lewens as verantwoordelike burgers toepas, om sodoende 'n gesonde leefstyl aan te kweek en om bronne effektief te bestuur. Deur Lewenswetenskappe te bestudeer, kan die leerders die onderlinge verwantskappe tussen die mens (diere en plante) en die omgewing en die gemeenskap beter verstaan.

Die kurrikulum behels:

1. Lewe op mollukulêre vlak (selle, weefsel, DNA en proteïensintese).
2. Lewensproesse in plante en diere!
3. Diversiteit, kontinuïteit en verandering (Geskiedenis van die lewe op aarde en evolusie).
4. Omgewingstudie en -bestuur.

Die doel van die bestudering van Lewenswetenskappe:

1. Die ontwikkeling van wetenskaplike kennis en begrip.
2. Die ontwikkeling van die wetenskaplike ondersoek.
3. Die ontwikkeling van 'n begrip van die rol van wetenskap in die samelewing.

BEROEPSMOONTLIKHEDE:

Enige mediese wetenskappe soos Geneeskunde, Tandheelkunde, Veeartsenykunde, Landbouwetenskappe, Arbeids- en Fisioterapie, Optometrie, Omgewingsbestuur, Natuurbewaring en nog vele meer.

VERKEN

Lewenswetenskappe

GEOGRAFIE:

Geografie stel leerders in staat om verskynsels, prosesse en ruimtelike patrone te verklaar. Leerders leer om ingeligte besluite te neem, veral oor die veranderende omgewing. Klem word op volhoubare ontwikkeling en die toepassing van geografiese vaardighede gelê. Geografiese inligtingstelsels is 'n opwindende nuwe veld wat as onderafdeling van die kaartwerk geïnkorporeer word en word graag aanbeveel vir leerders wat belangstelling en vaardigheid in inligtingstechnologie en rekenaarsvaardighede het.

KURRIKULUM

Die vak bestaan hoofsaaklik uit twee komponente naamlik teorie en kaartwerkvaardighede. Daar word volgens Bloom se taksonomie op hoofsaaklik drie vlakke gewerk, naamlik waarneming, verklaring en interpretasie. Geografie is 'n mens- en omgewingswetenskap wat baie goed skakel met Lewenswetenskap, Ekonomie, Fisiese Wetenskap, RTT en IT, Omgewingstudies en Toerisme.

Graad 10: Kaartwerk, Klimatologie, Geomorfologie, Bevolkingsgeografie, Watermassas.

Graad 11: Kaartwerk, Klimatologie, Geomorfologie, Ontwikkeling en Volhoubaarheid, Hulpbronne.

Graad 12: Kaartwerk, Klimatologie, Geomorfologie, Nedersettingsgeografie en Ekonomiese Geografie van Suid-Afrika.

Nuusgebeure van geografiese belang word in die klas hanteer.

Leerders moet daarop let dat KAARTWERKVAARDIGHEDE hoofsaaklik in graad 10 afgehandel word en dat slegs toepassing van die teorie in gr 11 en gr 12 behandel word. Leerders moet oor basiese berekeningsvaardighede beskik om kaartwerk te kan doen.

BEROEPSMOONTLIKHEDE

Geografiese inligtingstelsels, Omgewingsimpakspesialis, Kartograaf, Stads- en Streeksbeplanner, Geomorfoloog, Geoloog, Marine-bioloog, Klimatoloog, (weervoorspelling), Toergids/Veldgids, Toeroperator/Reisagent, Joernalis, Museumkurator/personeel, Onderwys, Toerisme, Argitektuur, Vlieënier, Ingenieur.